Agri Labour Practitioners (Andrè Bloem) verseker dat u altyd op hoogte bly van wat Arbeidswetgewing van u as Werkgewer vereis.

Ons een dag interaktiewe werkswinkel, 'ARBEIDSWETGEWING en ESTA', bespreek die volgende onderwerpe:

- **NASIONALE MINIMUM LOON**
  - Wat is die huidige minimum loon?
  - Wat behels die " 4 ure reël" ?
  - Wanneer moet ek aansoek doen om vrystelling (verligting) van die Nasionale Minimum Loon - kan dit enige tyd na 1 Maart 2022 gedoen word?
  - Hoe doen ek aansoek om vrystelling van Nasionale Minimum Loon?
- **AFTREKKINGS**
  - Toelaatbare Aftrekkings (Behuising, Elektrisiteit, Winkel, Lening, Dokter/Medies, Skade/Verlies ens.)
  - Hoeveel en wanneer mag ek aftrek?
- **WERKSURE**
  - Normale Werksure
  - Verlengde Werksure vs Oortyd Werksure
  - Hoe moet verlengde werksure op "payslip" aangetoon word?
- **VERPLIGTE ETENS- EN RUSPERIODES**
  - Wanneer moet 'n etensbreuk toegestaan word?
  - Wanneer mag 'n etensbreuk 15 min wees?
  - Wanneer mag 'n daaglikse rusperiode 10 ure wees?
- **OORTYD**
  - Wat is die maksimum oortyd ure per dag / week?
  - Is Saterdag werksure outomaties oortyd ?
  - Wat behels Sondag vergoeding?
  - Berekening van oortyd vergoeding. Is alle oortyd vergoeding onmiddelik betaalbaar?
  - Wat beteken 'n Saamgeperste Werkweek, en wat is die voordele vir die werkgewer?
- **NAGSKOF**
  - Wanneer is dit Nagskof ?
  - Hoe word Nagskof vergoeding bereken?

- Watter ander wetlike verpligtinge word op die Werkgewer geplaas indien Nagskof gewerk word?

- **BETALINGSADVIES ("PAYSLIP")**
  - Watter inligting MOET op "payslip" verskyn?
  - Hoe toon ek Stukwerk, Nagskof, Saamgeperste Werkweek ens. aan op n betalingsadvies?
- **DIENSKONTRAKTE**
  - Wat MOET in 'n dienskontrak vervat word?
  - Hoe gereeld moet dienskontrakte opdateer word?
  - Wat is die verskil tussen 'n Deeltydse Kontrak vs 'n Vaste Termyn Kontrak vs 'n Permanente Kontrak
  - Wanneer kan 'n Vaste Termyn kontrak (seisoen kontrak) langer as 3 maande wees?
  - Watter klousules moet in Vaste Termyn Kontrak wees om myself as Werkgewer te beskerm?
- **VERLOF**
  - Jaarlikse verlof
  - Kraamverlof
  - Gesinsverantwoordelikheidsverlof
  - Ouerlike verlof (Parental Leave)
  - Aannemingsverlof
  - Surrogaatskap verlof
- **VRYWILLIGE BEEINDIGING VAN DIENS**
  - Wat is die wetlike vereistes?
  - Is 'n sms / whattsapp bedanking voldoende?
  - Wanneer is dit dros?
  - Mag die werkgewer geld weerhou vir skuld of waar werknemer nie kennisperiode gewerk het nie?
- **VERVOER VAN WERKERS**
  - Wat is die wetlike vereistes?
  - Mag ek aftrekking doen vir vervoer na en van werkplek? Wat is die risikos?
  - Wanneer is 'n vrywaringsvorm noodsaaklik? Wie moet dit onderteken?
  - Wanneer is 'n ongeluk 'n werksbesering?
  - Verkeersboetes en skade aan Werkgewer se voertuig?
  - Is die tyd van vervoer na en van die werkplek met of sonder vergoeding?
- **ARBEIDSMAKELAARS ("LABOUR BROKERS") VS ONAFHANKLIKE KONTRAKTEURS**
  - Wat is die verskil?
  - Wat is die implikasies vir die Produsent?
- **ESTA** (Aangebied in samewerking met Otto Theron Prokureurs)
  - Wanneer word 'n Okkupeerder deur ESTA beskerm?
  - Pligte van die Okkupeerder vs Regte van die grondeienaar?
  - Wanner kwalifiseer 'n Okkupeerder vir verblyfreg?
  - Wat beteken verblyfreg?
  - Watter aanspraak het gesinslede op die huis indien die huishoof afsterwe?
  - Belangrikheid van 'n Behuisingskontrak?
  - Mag die Eienaar 'n inslaap fooi verhaal, indien wel, wanneer en hoeveel?
  - Watter implikasies hou die jongste Hofspraak vir eienaars/werkgewers in?